**HOËRSKOOL GRENS**

McJannetrylaan, Baysville, Oos-Londen 5241

# *TOELATINGSBELEID*

Die toelating van leerlinge tot hierdie skool word gedoen ooreenkomstig die Skolewet en beginsels soos in hierdie Beleid vervat, met die goedkeuring van die Beheerliggaam van die skool. Met die toelating van leerlinge tot die skool word die volgende beginsels toegepas:

1. Hoërskool Grens is 'n enkelmedium Afrikaanse skool wat voorsiening maak vir Akademiese onderrig.

2. By toelating is daar GEEN voorkeur ten opsigte van ras of kultuur nie en alle voornemende ouers/leerlinge sal dieselfde voorkeur geniet.

3. Die ouderdom van leerlinge word in ag geneem met toelating en daar word van leerlinge verwag om by hul ouerdomsgroep in te skakel. Die Departementele voorskrif in hierdie verband is die Graad plus 6 jaar. (Bv Gr 9 + 6 = 15 jaar)

4. Volgens Departementele beleid word voorkeur aan leerlinge vanuit die direkte voedingsarea gegee en daarna aan omliggende streke totdat die betrokke Grade vol is.

5. Wanneer die getal leerlinge per vak/leerarea bereik is, sal die toelating staak en indien daar leerlinge is wat nie aanvaar is nie, sal hul name op 'n waglys geplaas word.

6. Die skool is 'n Afrikaansmedium skool met slegs Afrikaans as voertaal en onderrigtaal. Indien leerlinge op akademiese gebied wil vorder, word dit dus van leerlinge verwag om in hierdie taal vaardig te wees.

7. Aansoeke van voornemende leerlinge word gedurende die 3de kwartaal afgehandel. Alle ouers sal die nodige aansoekvorms, ens ontvang en voltooi voordat die leerling finaal toegelaat word. Bewys van geboorte, ID, en vorige skoolrapport is onder andere noodsaaklik.

8. Geen toelatingseksamen word geskryf nie, maar daar kan wel van die leerlinge verwag word om plasingstoetse af te lê wanneer hulle aanvaar is.

Beheerliggaam: Voorsitter

Skoolhoof